



HOPE MINISTRIES – ZIMBABWE

Ds Jaco de Bruyn, 50 First Street, Marondera.
Selfoon en WhatsApp nr. 00 263 77 234 4919
E-pos: lite1277@gmail.com

NUUSBRIEF

SEPTEMBER 2018

Liewe vriende

Baie dankie vir julle volgehoue voorbidding en waardevolle ondersteuning. Dit maak baie meer moontlik as wat ons ooit kan verwag.

Met Zimbabwe se verkiesing agter die rug, het die proses van heraanstellings en heraanpassing begin. Ons is baie dankbaar dat dit grootliks vreedsaam verloop het. Die enigste resultaat vir mense op voetsoolvlak is dat niks verander het nie – dit kon net sowel nie plaasgevind het nie. Talle mense wat vurig gebid het vir verandering, is nou gekonfronteer met die vraag na geregtigheid en die uitdaging om sin te maak van, en voort te leef met die situasie.

Ek kom af op die stuk van Max Lucado onder die opskrif: “Unshakeable Hope: Building our lives on the promises of God.” Een van God se beloftes is dat geregtigheid sal geskied. Lucado se besondere beskrywing van die belofte van geregtigheid het vir my baie beteken. Ek vertrou dat dit vir julle ook baie sal beteken.

GEREGTIGHEID SAL OORWIN.

Die gedagte van 'n “oordeelsdag” is baie ongewild vandag. Ons hou nie van die idee van 'n groot uur van afrekening nie. In baie opsigte, is dit ironies. Ons verwerp oordeel, maar ons heg baie waarde aan geregtigheid. Tog is die tweede onmoontlik sonder die eerste. 'n Mens kan nie geregtigheid sonder oordeel hê nie. Om daardie rede sal “Ons almal moet voor die regbank van Christus verskyn sodat elkeen van ons kan ontvang volgens wat ons in ons aardse liggaam gedoen het, of dit goed en of dit sleg was.” (2 Kor. 5:10).

Die apostel Johannes het 'n unieke perspektief ten opsigte van die geregtigheid van God ontvang. Terwyl hy 'n banneling op die eiland Patmos was, het God hom 'n visie gegee van Sy planne vir ons wêreld. Johannes het gesien dat op die oordeelsdag, sal Satan en bose finaal mee afgereken word. Almal sal geoordeel word. Alle gelowiges en ongelowiges sal deur Christus geoordeel word. Ongelowiges sal gestraf word, terwyl gelowiges gered sal word deur genade en geprys sal word vir hul dade (**Matt. 16:27 en Open. 20:11 – 15**). Niemand sal hierdie oordeel vryspring nie. Dit sal die dag wees **“wanneer God, deur Jesus Christus, sal oordeel oor die verborge dieptes van ons lewe.” (Rom. 2:16).**

Hoekom sal Christus elke daad en begeerte van ons hart blootlê? Omdat God se geregtigheid 'n forensiese ondersoek vereis. Hy sal nie eers 'n sweempie van onreg in sy nuwe koninkryk toelaat nie. Elke burger van Sy koninkryk sal weet dat elke sonde ontbloot en vergewe is. Hemel kan nie hemel wees met geheime of verwronge verledes nie. Daarom lewer God sy uitspraak deur Jesus.

ONS IS NIE ALLEEN NIE

Wees verseker: as gelowige in Christus, sal jy nie alleen voor God se regbank staan nie. Jesus sal langs jou staan! Jy sal nie skaam of verleë wees nie. Inteendeel, jy sal verstom wees! Jou ontsag vir God se oordeel sal styg soos die lys van jou sondes wat vergewe is, al langer word.

God neem jou lewe dag vir dag, oomblik tot oomblik in oënskou en maak positiewe aanbeveling na positiewe aanbeveling. Dieselfde pen wat boekhou van onsuiver gedagtes, maak notas van suiwer gedagtes. God teken aan en beloon jou goedheid. Dit is net regverdig dat Hy dit doen. En omdat Hy 'n regverdige God is, sal Hy die diens van sy dienaars erken (**Job 1:8**) en die wense van sondaars respekteer (**Rom.1:28**). Immers, 'n regverdige God moet die wil van God-verwerpers respekteer.

God het sy Seun as Verlosser aangewys. Jesus sal langs elkeen staan... behalwe diegene wat weier dat Hy dit doen.

Hierdie belofte maak saak omdat dit beteken dat wat die duiwel gesteel het, kan teruggekry word! Die bese sal nie ongestraf bly nie. Die ongeregthede wat jy gely het, sal aangespreek word. Laat



hierdie belofte jou begeerte vir geregtigheid tevrede stel. God het die finale sê. Hy is in beheer. Plaas jou magteloosheid en verliese in die skaduwee van die kruis. God sal alles wat verkeerd is, regmaak en alle wonde genees. Hy het 'n plek gereed waar lewe finaal en vir ewig regverdig sal wees.

VRAE OOR ONREG

In die lig van hierdie beloftes vra ek dat ek en jy daarvoor dink: hoe voel ons wanneer ons onreg in die wêreld sien en/of beleef? Wat is ons diepste begeerte wanneer ons aan hierdie belofte in die Bybel dink? Waarom, dink ons, wag God om sy geregtigheid op aarde te bring? Wat sou hierdie komende geregtigheid en oordeel beteken vir die mense vir wie ons bid? Meer nog – hoe help hierdie belofte van God vir 'n veilige toekoms ons om die chaos van vandag se wêreld te hanteer? Hoe help die beloftes ons om anders na ons huidige stryd en beproewings te kyk?

Ja-nee, dis nie maklike dinge hierdie nie. Dankie vir julle belangstelling, gebede en ondersteuning.

DIE WERK IN MARONDERA

Regs is die kerkgeboutjie wat ons gebruik.

Links is Robson, een van die leiers van ons wyksgemeente.

Hy help baie om ons tuin in stand te hou en probeer gereeld na die kinders uitreik. Hy is nou al meer as twee jaar sonder gereelde werk maar bly oral soek sodat hy sy gesin deur middel van stukwerk kan onderhou. Bid asseblief vir hom dat daar finansiële



uitkoms vir hom en sy gesin kan wees en dat hy sal aanhou groei in sy verhouding met Jesus.

Regs is 'n gedeelte van die tuin wat Robson help instandhou.

Van die produkte uit die tuin gaan na verskeie bejaardes en siekes in die kampong saam met voorbidding en bemoediging.

Zimbabwe is nou in die laaste maand voor die verwagte lentereën. Dit is baie warm en droog. Die verstandige boere is reeds besig om die lande te skoffel en voor te berei sodat dit skoon en reg kan wees om te plant sodra die eerste reën geval het.

DIE WYKSGEMEENTE

Die wyksgemeentelede bly steeds standvastig in hulle geloof en vind talle vreugdetjies in hulle elke dag se lewe met mekaar en andere. Ek luister meer as eenmaal stil-verstom oor die oortuiging waarmee hulle mekaar moed in praat en aanmoedig om hulle oë op Jesus te hou en om alles van Hom te verwag.

NUWE PROJEK

Daar is 'n projek wat in my kop broei en wat ek graag deel en reaksie wil hoor. Ds. Geo Smit van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Suid het die idee in my kop geplant. Ek wil graag in Marondera 'n projek loots om die Bybel in Shona met die hand te laat oorskryf binne 24 uur. Die doel is om mense se kennis en kontak met die Bybel te vermeerder.

Die teikendatum is 8 – 9 Desember 2018. Daarna wil ek dit laat bind en vir die Museum of the Bible in Washington stuur as ons bydra om die Bybel bekend te stel en mense daarmee in kontak te bring.

Die uitdagings hieraan verbonde is baie en meeste nog onbekend, maar ek glo met die regte beplanning, ondersteuning en spanwerk kan dit gedoen word.

Plan van aksie

Toestemming moet verkry word; 'n bekendstellingsveldtog moet geloods word; pakke lyntjies papier, swart penne en meubels sal nodig wees. En dan natuurlik talle vrywilligers.

Donasies vir die projek kan inbetaal word in die rekening aan die einde van die brief. Merk asseblief duidelik OORSKRYFPROJEK.



SAKE VIR GEBED

Bid asseblief vir:

1. Vrug wat sal hou – dit is dat die gemeentelede se getuienis en lewensstyl mense na Jesus sal lei.
2. Dat meer en meer nominale Christene in Zimbabwe tot werklike bekering sal kom.
3. Dat ons nuwe regering die belange van die gewone mense eerste sal stel.
4. Dat die Here die Oorskryprojek sal seën en welwillendheid in deelnemers en ondersteuners hier en in Suid-Afrika se harte sal bewerkstellig.
5. Vir my vir goeie gesondheid en die voortdurende omvorming van my denkpatrone sodat ek goed kan onderskei wat Hy wil hê dat ek moet doen (Romeine 12:2)
6. Dank die Here dat Hy ons bewaar het gedurende die verkiesing en vir die veranderinge wat reeds plaasgevind het.

Mag elkeen van julle 'n wonderlike jaar verder geniet.

Liefdegroete in Christus,

Ds Jaco de Bruyn.

Bankbesonderhede: Jaco de Bruyn, Standard Bank, Woodbridge Square, Takkode: 012442, Reknr. 626-752-159. (*Skryf asseblief jou kontakbesonderhede op die inbetaling vir verwysing.*)
Kontakpersone in Suid-Afrika: Francois Conradie 082 447 6485, e-pos: thusang@mweb.co.za; Hetta Kotze (Nuusbrief) 072 684 9585, e-pos: hobbit@telkomsa.net.